

Woensdag 1 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 33

Fokusgedeelte: Psalm 33:1-3 (AFR53)

Geregverdig om te jubel!

Ons ontvang vandag die genade van die eerste dag van 'n nuwe jaar uit die Here se hand! Die begin van 'n nuwe jaar maak allerhande gedagtes en emosies in 'n mens los. Ons kan hierdie gewaarwording in twee groepe indeel: dankbaarheid of vreesagtigheid. Wat wil jy vanoggend op die eerste dag van die nuwe jaar sing? 'n Loflied of 'n treurmars?

Die digter van Psalm 33 kies vir 'n lof- en danklied: "Jubel in die Here!" Hierdie lied vorm die raamwerk waarbinne die dagstukkies van 2025 georganiseer word: In die eerste kwartaal is die fokus op *regverdiges* wat in die Here moet jubel. Die volgende drie kwartale fokus op die *rede*: kwartaal 2 – Jubel in die Here, want Hy en sy Woord is reg en goed (vs 4-5); kwartaal 3 – Jubel in die Here, want Hy is almagtig (vs 6-9); kwartaal 4 – Jubel in die Here, want Hy regeer soewerein (vs 10-12).

Die Psalm begin met die opdrag dat daar gejubel moet word in die Here. En die opdrag word aan 'n spesifieke groep gegee: die regverdiges. In die Ou Testament is die regverdiges die mense wie se lewenskompas op die Here, die Verbondsgod, fokus. Daarom word hulle ook die opregtes genoem.

In die Nuwe Testament is die regverdiges die mense wat in Christus uit genade regverdig gemaak is, die geregverdiges! As hierdie (ge)regverdig(d)es 'n loflied in die Here sing, is dit meer as sang. Dit is 'n lewenswyse van lof en dank en aanbidding en gehoorsame diens!

As geregverdigides kan ons op die eerste dag van die nuwe jaar nie anders as om ons tot God te wend en Hom te loof en te prys vir sy troue sorg en die ewige verlossing in Christus nie! Mag ons almal geregverdigides wees wat in 2025 in die Here jubel.

Sing: Psalm 33-1:1, 11

Dr. HPM van Rhyen (Malan) (Pretoria-Noord en Aros)